Ek soek beskerming in Allah teen Satan die verworpene en ek begin met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

'n Verduideliking van nog een van die pragtige Name van Allah

Ar-Rabb

Skepper, Voorsiener en Onderhouer

Hierdie omvattende Naam kom herhaaldelik voor in Verse van die Koran. Die Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Een wat al Sy diensknegte voed, klee, versorg, ondersteun, instandhou, verdra, en help om aan te hou en uit te hou deur middel van die beheer oor die sake van Sy diensknegte en die skenking van 'n verskeidenheid van gunste en seëninge.

Meer spesifiek: Hy is die Een wat Sy opregte vriende versorg en hulle onderhou deurdat Hy hulle reghelp en hulle harte reinig, asook hulle siele, maniere en gewoontes.

Dit is dan ook die rede waarom gelowiges gereeld met hierdie edele Naam bid... omdat die bidders 'n behoefte het na hierdie besondere versorging.

Enkele Versverwysing:

Koran 1:1 “All lof kom Allah toe, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde.”

Koran 2:21 “O mense, aanbid: gehoorsaam met ontsag en eerbied julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer – wat julle en die voor julle geskape het, sodat julle Godvresend mag word deur julleself van die sonde en die hel te bewaar in die hoop op die genade van Allah...”